DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

6/2025 21 Februarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds
2. Atletiek
3. Tennis
4. Redenaars
5. D6 Connect-toepassing
6. Krieket
7. Swem
8. Skoonste klasse
9. Personeelverjaardae
10. Skooltye
11. Klub 100 Manne-aand

"Good manners will open doors that the best education cannot." **Clarence Thomas**

Afrikaanse idioom van die week

Jakkals trou met wolf se vrou: *Dit reën en die son skyn terselftertyd.*

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Respek (3). Ons maak hierdie week klaar met ons tema van respek. Ons het oor die drie "R'e" van respek gesels: respek vir God, respek vir jouself en dan respek vir ander. Om respek vir ander te hê is om goeie maniere te hê en vriendelik te wees. Om dit te kan doen, moet 'n mens altyd nederig wees en nie arrogant raak oor wat jy bereik het en wie jy is nie. Mense hou van ander wat behulpsaam en vriendelik is. Om te groet, ander mense 'n gelyke kans te gee, nie iemand in die rede te val wanneer hulle praat nie, op te staan wanneer ouer mense nie sitplek het nie, te kyk waar ander mense hulp nodig het, mense aan te moedig wat dalk sukkel en ander te prys wat iets goeds gedoen het, is alles dinge wat onder goeie maniere resorteer. it is dinge wat ons deurentyd by ons kinders moet inprent. Party kry dit al goed reg, terwyl ander nog 'n bietjie sukkel daarmee. Hierdie dinge is belangrik vir ander mense, want daar word 'n hoë premie op goeie maniere geplaas. Basiese goeie maniere is iets wat ons almal aan moet werk en wat ons deurentyd vir ons kinders moet aanleer. Weereens moet ons onthou dat ons dit die beste kan aanleer deur die regte voorbeeld te stel. Basiese maniere is nie 'n ingebore talent wat almal het nie en is eerder aangeleerde gedrag. So, leer jou kinders dat om te groet, en asseblief en dankie te sê hulle ver in die lewe sal bring.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. (Sien die bankbesonderhede elders in die nuusbrief)

2. Atletiek

Tydens die Mosselbaai-streeksbyeenkoms het ons atlete puik gevaar en 37 atlete dring deur na die Eden-byeenkoms wat môre plaasvind. Die Nashua-Outies byeenkoms te Laerskool Outeniqua het ook plaasgevind. Miané Schutte (75m Hekkies), Mia Rossouw (Hoogspring) en Cruden Briesies (150m) het rekords verbeter. Miguel Prins (80m hekkies) is as beste seunsatleet aangewys. Baie geluk aan al die atlete wat goed gevaar het en baie sterkte aan die wat môre deelneem.

3. Tennis

Die uitslae teen Laerskool Blanco was as volg:

- 1ste span seuns wen 8-2
- 1ste span dogters 5-5 (wen met potte: 34-25)

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 24 Feb: Krieket vs Outeniqua
Swemgala: George-Suid
o/11 Netbalproewe
Di, 25 Feb: Bloedskenk (Saal)
Wo, 26 Feb: Krieket vs Garden Route
Do, 27 Feb: Tennis vs Curro/Vorentoe
Vr, 28 Feb: Skoolfoto's
Sa, 1 Mrt: Hokkie: o/13 Eden-proewe
Klub 100 Manne-aand

Adverteer in *Die Skippertjie*

R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

4. Redenaars

Tydens ons eerste interne redenaarskompetisie was die uitslae as volg:

Graad 1-3	Graad 4-5	Graad 6-7
1. Dewan Hutten	1. Ingrid Keyser	1. Allegra Kühn-Swanich
2. Harlow Kühn-Swanich	2. Bea Kühl	2. Jana Kruger
3. Liya Smit	3. Chanél Dreyer	3. Miané Hutten

Baie dankie en geluk aan al die leerders wat deelgeneem het. Die toesprake was van hoogstaande kwaliteit en hulle het die wêreld behoorlik aan die brand gepraat.

5. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. **Ons wil graag aan die begin van die 2de kwartaal die stelsel ten volle benut.** Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies. **(Sien die advertensie met die skakel (link) onderaan die nuusbrief)**

6. Krieket

Uitslae van die krieketwedstryde teen Diaz/Curro was as volg:

- Mini-krieket – o/7A verloor; o/8A wen; o/9A verloor.
- o/11A wen met 75 lopies; o/11B wen met 8 paaltjies; o/13A wen met 53 lopies.

Die spelers het die wedstryde baie geniet en hul beste gegee.

7. Swem

Ons probeer hierdie jaar om groter fokus op swem by die skool te plaas, tydens LO-periodes asook as buitemuurse aktiwiteit. Talle leerders neem deel en die eerste swemgala is reeds afgehandel. Van ons swemmers het baie goed gevaar. Komende Maandag vind die aflosswemgala te George-Suid plaas. Baie sterkte aan al ons swemmers wat gaan deelneem.

100% Parkies

8. Skoonste klasse

Baie geluk aan die volgende klasse wat hierdie week se kompetisie gewen het:

- 1ste – 7V
- 2de – 4O
- 3de – 6D

9. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 22 Februarie: Lee-Ann Kruger
- 26 Februarie: Leonine Kleyn

Mag u 'n geseënde jaar beleef.

10. Skooltye

Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

11. Klub 100 Manne-aand

Klub 100 bied 'n Manne-aand aan op Saterdag, 1 Maart. Dit beloof om 'n heerlike aand van rugby gesels en kuier te wees. Tafels of enkelkaartjies kan bespreek word. Kaartjies verkoop vinnig. Spring gou voordat alle kaartjies uitverkoop is (sien die advertensie onderaan).

IS JY AL GEREGISTREER?

Ons herinner u daaraan om voor die einde van die eerste kwartaal op die d6-CONNECT toepassing te registreer.

Vanaf die tweede kwartaal sal alle skoolkommunikasie slegs op d6 plaasvind.

Laai die d6-CONNECT toep af en registreer so gou as moontlik om op hoogte te bly van belangrike nuus.

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

100% Parkie

Respek bou sterk verhoudings!

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

LAERSKOOL PARK
KLUB 100

Standard Bank

FRANS STEYN
RUAN PIENAAR

MANNE-AAND

SATERDAG, 1 MAART 2025

MOSSELBAAI STADSAAL
18:00 - 23:00
R 7 500 PER TAFEL VAN 10
OF R800 PER PERSOON
ETE EN DRANKIES INGESLUIT

VIR TAFELBESPREKINGS
KONTAK:
082 777 5250
park100@lspark.co.za

Pick your own

HANEPOOT

at only R20.00 p/kg

22 February - 2 March 2025

Grape picking times Monday - Sunday
between **10am - 4pm**

REMEMBER TO BRING:

Your own scissors, basket or container for your grapes and a hat and sunscreen.

Restaurant bookings are ESSENTIAL
Please note: No private picnics
No dogs allowed.

Gee jou kind die beste begin!

Kleuterland Speelgroep

2 – 4 jariges

Huislike speelgroep

Fokus op speelterapie, sosiale vaardighede en vroeë ontwikkeling deur prettige aktiwiteite

Maandae - Vrydae: 8:00 - 13:00

Mosselbaai

Kontak Annabélle:
082 773 0702